

Garden World
Making a world of difference

JJ en RSG

Garden World's JJ van Rensburg met Derrich Gardner

Luister graag elke Saterdag oggend op RSG na JJ met Derrich Gardener

2 Mei 2009

Nou dat daar baie blare in die tuin is en 'n mens ook baie gaan terugsny is dit maar net sinvol om die afval in kompos om te sit. Al wat jy regtig doen is om net self die natuurlike verrottingsproses aan te jaag.

Om jou eie kompos te maak klink soos 'n onmoontlike taak maar eintlik is dit nie so moeilik nie. Die beste plek is 'n skaduwee area en uit die wind uit dat die kompos nie vinnig uitdroog nie. Hoe warmer die area en klimaat is ook hoe beter en vinniger sal die afbreek prosedure wees. Die mater iaal moet klam gehou word, maar nie sopnat wees nie. Die hoop moet ook goed deurlug wees en dit is hoekom so baie mense die hoop draai. As dit nie deurlug is nie, word die kompos suur en vorm daar bottersure in die anaerobiese toestande. Dit wil jy vermy want dit is giftig vir plante. Die bakteriee en mikro organismes wat die kompos afbreek lewe op Stikstof en onthou om jou komposhoop aan te vul met Stikstof.

Jy kan kompos maak deur jou blare net op 'n hoop te gooi, dit in 'n kompos drom te maak (wat baie netjieser is), 4 pale te plant en ogiesdraad om te span of selfs plante i.p.v. ogiesdraad te gebruik en die kante te lig soos die hoop groei. Enige tuin en kombuisafval kan in die hoop gegooi word. Wees versigtig vir enige vetterige produkte, piesangskille en te veel grassnysels. Vetterige produkte breek nie af nie, Grassnysels kompakteer en breek ook nie vinnig af nie. As jy die grassnysels goed kan meng met blare of growwe material, sal dit nog goed kan afbreek. Papier maak ook goeie kompos en onthou as jy 'n koerant wil ingooi, frommel die blaaie eers op dat dit nie saampak en kompakteer nie, dan werk dit beter. Dikker takke wat eers deur 'n fyn kapper gedruk word sal vinnig afbreek.

As jy dit wil begin proses wil aanjaag, kan jy komposaktiveerder by 'n kwekery koop of selfs beesmis of hoendermis bygooi want dit bevat baie van die bakteriee wat jy benodig vir die begin van die afbreek proses.

tuis&home

EFEKTO For Life